

# Beloon boere só wat meer vleis produseer

Die huidige vleisklassifikasiesistelsel kan aangepas word om boere te beloon wat karkasse met meer bruikbare vleis produseer, verduidelik 'n voorste beesboer. En dit sal boonop nie 'n sent kos nie!

**S**uid-Afrika sukkel nou al jare lank voort met 'n verouderde vleisklassifikasiesistelsel. Stemme word kort-kort gehoor oor die instelling van 'n vleisgraderingsstelsel, wat sal lei tot groter wins vir boere.

Daar is twee finansiële winsaandrywers by die produksie van beesvleis in Suid-Afrika. Eerstens is daar die gehalte van beesvleis wat geproduseer word. Dit hou verband met die hoeveelheid vetbedekking in die vleis. In die huidige klassifikasiesistelsel word die boer hiervoor beloon.

Navorsing is tans aan die gang om die klassifikasiesistelsel te verbeter om marmering te beloon. Dit is 'n baie belangrike winsaandrywer omdat dit die smaak van die vleis bepaal. Bykomend daartoe probeer Suid-Afrikaanse rooivleisprodusente om die uitvoermarkte te ontwikkel om met ander lande in die wêreld mee te ding.

Die tweede winsaandrywer is die hoeveelheid beesvleis wat geproduseer word. Dié belangrike winsaandrywer word heeltemal in die huidige klassifikasiesistelsel geïgnoreer. Daar is geen aansporing vir die boer om met behulp van 'n meer gespierde dier vleis te produseer nie.

As jy die Ask the Meat Man-webwerf met behulp van die skakel [bit.ly/3CTIKGs](http://bit.ly/3CTIKGs) besoek, sal jy die resultate kry van talle toetse waartydens karkasse oor 'n tydperk van meer as 50 jaar in Amerika opgesny en gemeet is. Die resultate is verstommend.

As die opbrengs van verkoopbare vleis (die deel van die karkas wat verwerk en aan die verbruiker verkoop kan word) afkomstig van 'n maer, goed gespierde karkas met dié vanaf 'n swak gespierde en oorvet karkas vergelyk word, is die verskil 'n enorme 35%.

Dit is hoofsaaklik weens die groot hoeveelhede vet en been wat geproduseer is, wat 'n vermorsing is.

Opbrengs uit 'n maer, keurgraad beeshelfte

van 136 kg = goed gespierde, lae vet karkas:

Vet & been (afval) = 15%

Bruikbare vleissnitte (eetbare vleis) = 85%  
(85 ÷ 85 = 100%)

Opbrengs uit 'n gemiddelde, keurgraad beeshelfte van 136 kg = mediumbespiede, vet karkas:

Vet & been (afval) = 30%

Bruikbare vleissnitte (eetbare vleis) = 70%  
(70 ÷ 85 = 82,5%)

Opbrengs uit 'n oorvet, keurgraad beeshelfte van 136 kg = swak gespierde, oorvet karkas:

Vet & been (afval) = 45%

Bruikbare vleissnitte (eetbare vleis) = 55%  
(55 ÷ 85 = 65%)

Daar is 'n verskil van 35% (100%-65%) in verkoopbare vleis tussen 'n maer, goed

bespiede karkas met min vet en 'n swak gespiede, oorvet karkas.

Sommige snitte is vetter as ander. Omdat oormatige vet tydens die op sny van die karkas verwyder word, sal die vet aan die karkas 'n invloed hê op hoeveel vleis verkoop kan word.

Die hoeveelheid vet en been wat afgesny moet word, beïnvloed die hoeveelheid verkoopbare vleis wat geproduseer word.

Ek het met talle invloedryke belanghebbendes in die beesvleisbedryf gepraat, soos dr. Michael Bradfield, prof. Frikkie Nester en dr. Phillip Strydom, en hulle stem almal saam dat na dié winsaandrywer, naamlik die hoeveelheid vleis geproduseer, gekyk moet word tot voordeel van die bedryf en die beersasse wat baie meer vleis produseer.

Ons woon in Suid-Afrika, 'n land met 'n opkomende mark en baie armoede – gans anders as Eerstewêreldlande, soos Australië



Meer gespierde speenkalwers is gesoek by voerkrale en vleisverwerkers. FOTO: JOHN DEVONPORT





Mnr. John Devonport

Die klassifikasieselstel moet verander om boere aan te moedig en te beloon om groter hoeveelhede beesvleis natuurlik te produseer.  
FOTO: JOHN DEVONPORT



en Amerika. Ons probeer 'n bevolking voed en beesvleis meer volhoubaar en kostedoeltreffend produseer, tog word hierdie belangrike winsaandrywer in Suid-Afrika geïgnoreer.

Die beesbedryf moet homself transformeer. Hy moet verstaan dat hy nie net probeer om die gehalte van sy beesvleis te verbeter sodat hy op wêreldmarkte kan meeding nie, maar dat hy ook probeer om die bevolking te voed met groot hoeveelhede bekostigbare beesvleis.

## VOERKRALE EN VLEISVERWERKERS SE BEHOEFTE

Dit is algemeen bekend dat voerkrale teen 'n aantal van Suid-Afrika se inheemse rasse diskrimineer en laer pryse per kilogram vir hulle betaal. Hierdie probleem kan opgelos word deur 'n bul van die regte ras te gebruik en hom met hierdie inheemse rasse te kruis om 'n gespieerde slagdiere te teel.

Ons moet teling met die regte diere aanmoedig wat gras en graan doeltreffend omsit met goeie gemiddelde daaglikse toenames en voeromsettingskoerse.

Hierdie diere sal met die regte hoeveelheid vetbedekking cindig (selfs al word hulle langer gevoer). Dit kos dieselfde om 'n klein karkas as 'n groot karkas te verwerk.

Voerkrale en vleisverwerkers wil diere met 'n hoë uitslagpersentasie, uitstekende vleisopbrengs vir die kleinhandel, goeie oogspieroppervlakte en goeie

konformasie hê.

Die Suid-Afrikaanse klassifikasieselstel het 'n konformasietelling van 1-5. Dit hou verband met die winsaandrywer "hoeveelheid".

Sonder dat dit die bedryf 'n sent meer sal kos, moet 'n swak bespiede karkas met 'n konformasietelling van 1 of 2 met slag beboet word, en 'n goed bespiede beeskarkas met 'n telling van 4-5 beloon word. Dit sal onmiddellik beesvleisprodusente aanspoor om met die regte ras te boer.

## 'N EENVOUDIGE OPLOSSING

Hoe word die beloning/boete bepaal? Aanvaar die karkasprys per gewig is R50 per kilogram. Werk op 10% – dit is maklik om te verstaan en te bereken. Byvoorbeeld:

Konformasietelling 1 – R5,00 (beboet)

Konformasietelling 2 – R2,50 (beboet)

Konformasietelling 4 + R2,50 (beloon)

Konformasietelling 5 + R5,00 (beloon)

Hieruit blyk dit dat dit nie die bedryf 'n sent meer sal kos nie en dit is maklik om in te stel.

Die groot voerkrale en vleisverwerkers (dieselfde besighede) sal ook baie by hierdie verandering baat vind omdat hulle outomaties meer van die regte tipe diere in hul voerkrale sal kry wat mielies en gras meer doeltreffend sal omset. Onthou, rooivleisprodusente ding teen

'n doeltreffender, gevorderde hoenderbedryf mee. Verder sal rooivleisprodusente ook hoër uitslagpersentasies behaal.

Laastens sal hulle groot hoeveelhede verkoopbare vleis byvoeg wanneer hulle die vleis van die been afsny, wat meer wins by die eindresultaat sal voeg en die bevolking kostedoeltreffend sal voed.

Die bedryf moet getransformeer word om die probleem van armoede te takel. Daarmee kan die bevolking gevoed en meer beesvleis volhoubaar en kostedoeltreffend geproduseer word deur hulle van die regte ras te gebruik.

Daar is 'n groot verskil van 35% tussen 'n maer, goed bespiede, doeltreffende karkas en 'n oorvet, swak bespiede, plat karkas. Daarom moet die klassifikasieselstel verander om boere aan te moedig en te beloon om groter hoeveelhede beesvleis natuurlik te produseer tot voordeel van al die belanghebbendes in die bedryf en die Suid-Afrikaanse verbruiker. **LBW**

*Mnr. John Devonport is 'n bekroonde Limousin-teler en gekoötrooieerde rekenmeester. Hy boer langs die Vaaldam met beeste, mielies en hawer. Onder sy eerbewyse tel vier goue bekere en 'n reserwe-gouebeker in 2018, en hy is dié jaar ook bekroon as die Suid-Afrikaanse vleisbeeskouman.*

NAVRAE: Mnr. John Devonport, 083 454 3095.